





Geseënde Christusfees

T: 044 691 2465
E: admin@ngmosselbaai.co.za
www.ngmosselbaai.co.za
Ons is 'n familie vol liefde

FAMILIENUUS SONDAG 29 November 2026

08:00 &10:00	19:00
Prediker: Dean Bentley **Teks:** Jesaja 64:1-9 **Tema:** Wanneer is die toekoms	KERSSANGDIENS **EERSTE ADVENT-SONDAG** **Sondag van Hoop**

Die Spesiale kollekte gaan vandag vir die **Erediensbediening.** Die Erediensbediening begelei alles rondom die eredienste – lofprysing in musiek en sang, multimedia, klank, dekor en blomme. Die erediens is die plek waar God ons gesamentlik ontmoet en waarskynlik die belangrikste uur / ure in ons kerklike week. Ons streef na kwaliteit inhoud, musiek, klank en beeld sodat mense in ons tyd en kultuur eietyds God se Goeie Nuus in Christus kan beleef.

GEBEDSBROKKIES

Toe sê die apostels vir die Here: "Gee ons meer geloof!"
Lukas 17:5
As blindes hulle hande in God s'n plaas, vind hulle hulle weg sekerder as diegene wat kan sien maar geen geloof het nie.
HELEN KELLER

PREDIKANTE:

Henri Meyer
henri@ngmosselbaai.co.za
083 455 6940

Dean Bentley
dean@ngmosselbaai.co.za
084 782 4595

NUWE LIDMATE

Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!
Meld asb aan by die Nuwelidmaatbedieningslede in die kerkgebou se portaal of kerkkantoor vir lidmaatskapvorms

AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

MAANDAG 30 November		18:00 Kerkraad
DINSDAG 1 Desember	11:00 Seewind	
WOENSDAG 2 Desember		
DONDERDAG 3 Desember		
VRYDAG 4 Desember		

PASTORALE SPREEKKAMER

Die pastorale spreekkamer (tans elke Woensdag) bied 'n veilige toevlugsoord vir mense met neerslagtigheid, persoonlike krisisse, familieprobleme, verhoudings probleme, huweliksprobleme, geloofs probleme, werkskrisisse, rousmart, ens.

Mense wat terapeutiese hulpverlening benodig, kan met vrymoedigheid 'n afspraak maak by Dr. Ben Joubert 082 921 0348.

SEEWINDBEDIENING

Baie dankie aan almal wat bygedra het tot die insameling van toiletware soos sjampoo, wasseep, waslappies, tandeborsels, tandepasta, aanroldeodorant, lyfroom, weggooibare skeermesse, wasgoedseep, haarborsels/kamme en finansiele skenkings.
Baie dankie vir jou oop hand en omgee hart!
Ons gaan met die laaste byeenkoms van die jaar uitdeel.
Kontak Arrie Bezuidenhout (083 452 0861) vir navrae.

DOOP

Baie geluk aan ons doopouers Maurice en Lynnesse Bernardo met die doop van hul seuntjie, Maurice, tydens die 8uur diens.

FEESTYDGEBEURE

- **29 November: KERSSANGDIENS (19:00)** Nooi vriende en familie en kom deel in hierdie hoogtepunt op ons Kalender. **Bring asb jou eie kers saam!**
- **9 Desember: Gebed by die Poorte 17:30**
- Kersliedere by kerslig - AFGESTEL
- **KERSDAGDIENSTE: 6:30, 08:00 & 09:30 in kerkgebou en 08:00 & 09:30 in Klipkerk.**
- 27 Desember: slegs 1 diens om 10:00
- 31 Desember: Oujaarsdiens om 18:00

KOMMUNIKASIE NA DIE GEMEENTE

Om deel te word van die gemeente se Whatsapp-groep, gebruik asb die QR kode of stuur jou naam en nommer vir Corné (083 964 6368) om jou by te voeg.

AKSIE SAMARITAAN SE ENGELTJIEPROJEK

Op 6 & 13 Desember verkoop ons "engeltjies" by beide oggend dienste.

Vir 'n donasie van slegs R80, kry jy 'n baie handige, handgemaakte botteloopmaker. Hierdie fondse word gebruik om vir ons 17 Samaritaangesinne die bestanddele vir 'n kersete te kan gee.

Baie dankie vir jou ondersteuning!

GEBED BY DIE POORTE (INGANGE) VAN ONS DORP

Ons gaan op Woensdag 9 Desember 2026 om 17:30 by die 2 ingange van ons dorp (Salt & Copper & Engen op N2) bid vir die komende vakansiegangers.
Ons gaan in 2 groepe saambid.
Kontak gerus vir ds. Henri of Dean vir navrae.

CARITAS CARE

Wil jy graag mense help, 'n verskil maak en terselfdertyd self groei?
Caritas Care, in samewerking met die Universiteit van Pretoria, bied in 2027 'n gevorderde tweejaar Narratiewe Pastorale Beradingskursus aan.

Kursus word aangebied in Mosselbaai of aanlyn via Zoom. Geakkrediteer deur die Universiteit van Pretoria.
2027-inskrywings is nou oop!
Neem vandag die eerste stap. (www.caritascaremosselbay.co.za) vir meer inligting en skryf nou in vir 2027.
Jou reis as berader kan hier begin.

CARNARVON VLEIS

Daar het nog van die heerlike kerrietjops oorgebly na afloop van die Vleisfeesnaweek. Kom koop gerus daarvan by die Kerkkantoor!
R220 per 1kg pak kerrietjops of ribbetjies.

SKAAPKOPETE 11 DESEMBER 2026

Kom geniet 'n heerlike, gesellige skaapkopete in die Klipkerk, Vrydagaand, **11 Desember 2026** om 18:30 vir 19:00.

Koste is R240 per persoon. Ingesluit in die prys: 'n Heerlike skaapkop; 'n Draft bier of 'n glas wyn & Roosterkoek met botter en konfyt. Bring asb. eie eetgerei en drinkgoed indien jy iets anders verkies.

Bespreek & betaal by die Kerkkantoor.

TAXI-BEDIENINGUITREIK

Ons wil graag lidmate uitnooi om te deel in een of albei die Taxi-uitreike:

Op 11 Desember om 14:00 by die middedorp taxistaanplek naby die Haven en/of 12 Desember om 10:00 by Shell garage en Langeberg Mall taxistaanplek.

Kontak asseblief vir Hennie Lombard 073 020 4118 vir meer inligting.

AMIRA TREE OP BY NG HARTENBOS

Op Vrydag 4 Desember om 19:00 tree Amira Willighagen op by NG gemeente Hartenbos.

Amira is 'n Nederlandse sopraan wat die sesde seisoen van Holland's Got Talent in 2013 gewen het, toe sy net nege jaar oud was. Sy vertolk 'n wye verskeidenheid musiek.

Kaartjies (vanaf R170) is beskikbaar by NG Hartenbos Kerkkantoor (044 695 0440) of Quicket

KERSVERTONING MET HELENE BESTER & JANNIE MOOLMAN

Op Dinsdag 22 Desember 2026 om 18:00 tree Helene Bester en Jannie Moolman op in die Klipkerk. Kaartjies kos R160 en is by die Kerkkantoor beskikbaar.



GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise, **Kosie van der Merwe,** hospitaal (Jo 083 523 2137); **Ernie Smith** (Dawn 071 117 3335); **Thys Buitendagh**, (Alicia 082 336 6895); **Henk Bezuidenhout** (Ronell 084 686 9009); **Johan Swanepoel**, hart (Hannetjie 082 783 1022); **Fanie Viljoen** (Lizeth 079 230 2527); **Aldrich Kruger,** kanker (ouma Barbara 083 719 2313); **Henk Keuris**, longkanker (Christa 083 408 9336); **Corlene Lombard,** (082 459 2328); **Jan Steyn**, (Lynette 083 627 1294); **Leon Coetzee**, longkanker (082 578 1222); **Linda Marx**, kanker (083 725 4556); **Percy van Schalkwyk**, hart, (Heather 072 225 9177); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607).

Laat weet asb 'n leraar van jouself of iemand anders wat gebede benodig. Ons wil graag ondersteun met gebed, oproepe of moontlik 'n besoek.

GEDENKMUUR

Kontak gerus die Kerkkantoor indien jy 'n nis in die gedenkmuur wil bekom. Die koopprys beloop R5 950 vir lidmate en R6 950 vir nie-lidmate. Aansoekvorms, asook 'n sketsplan van nisse, is by die kerkkantoor beskikbaar.

WESKAAP SINODE KOMMUNIKASIE

Lees 'n aanlyn weergawe van **Kerkbode** by: https://kerkbode.christians.co.za/e-koerant/
Die **Vrydagnuus** is die amptelike nuusbrief van die NG Kerk Wes-Kaapland. Om in te teken om die nuusbrief per epos te ontvang gaan na https://kaapkerk.co.za

FINANSIËLE BYDRAES

Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:
NG Kerk Mosselbaai,
ABSA – 2070580023
(Verwysing: naam/projek)

Vir sendingbydraes:
GO NG Kerk Mosselbaai,
ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

Snap here to pay
SnapScan

BEDIENINGS

VOORSITTER: Cobus Coetzee, 082 453 3305
ROEPING: Ben Joubert 082 921 0348
AKSIE SAMARITAAN: Johan Meyer, 082 772 5490
DIAKONIE: Koos Crause, 083 229 1178
EIENDOMME: Willem Knoetze, 082 408 6769
EREDIENS: Dennis Engelbrecht, 083 251 5998
FINANSIES: Chrisjan van der Merwe 082 570 0065
FAMILIE: Jacques le Clus, 073 172 8424
GETUIENIS: Herman van Huyssteen, 083 393 3760
OMGEE: We-Nita Joubert, 082 414 5608
- Tehuise: Frieda Marais, 073 306 0703
- Eenique: Ananda Wessels, 083 480 9653
- Deernis: Krista de Bruyn, 083 692 0843
- Kruisvroue: Orna Snyman, 083 279 1660

SENIORS: Jan de Witt 082 695 3672
- 85+: Lizelle Vorster, 083 268 4291
- Opskoppers: Jan de Witt, 082 695 3672

GEBED: Cedric Coetzer, 083 489 3688 en Alta van Zyl, 083 257 3884
DVK: Kobus Weideman 082 807 5154
NUWE LIDMATE: Frank Tomas, 083 388 3657
GASVRYHEID: Petro Proudfoot, 082 775 3473
KOMMUNIKASIE: Dean Bentley
BASAAR: Louwrens de Wet, 083 308 4463

KERKKANTOOR – 044 691 2465

Kantoorure: Maandag – Vrydag 08:00 tot 14:00; Sondag 09:00 – 09:30 & 11:00 – 11:30
Admin. Beampte (Skriba):
Corné Human: 083 964 6368
e-pos: admin@ngmosselbaai.co.za
Finansiële Beampte (Kassier):
Deleen Jansen van Vuuren: 084 586 6422
e-pos: finansies@ngmosselbaai.co.za
Koster:
Johann Rossouw: 076 582 0619
Musiekleier:
Franco Engelbrecht: 079 926 1818
Pastorale Terapeute:
Ben Joubert: 082 921 0348
Elize Barnardt: 082 829 8133
Cindy Gribble: 078 987 2127
Pastorale werker (ouetehuise)
Ben Joubert: 082 921 0348